



GRAAD 10 PROEFVRAESTEL  
2006

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II  
PROEFVRAESTEL II

Tyd: 2 uur

80 punte

---

**INSTRUKSIES**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye en 'n addendum met tekste van 4 (i – iv) bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
  2. Beantwoord al die vrae. Nommer die vrae soos op die vraestel.
  3. Begin elke VRAAG op 'n nuwe bladsy.
  4. Skryf netjies en gebruik goedversorgde taal. Dit sal in jou guns tel.
-

**VRAAG 1      Taal- en stylfunksies**

Om goed en korrek te kan skryf, moet ons taalfunksies en taalpatrone korrek kan gebruik in gepaste situasies. Dit beteken dat ons hierdie taalvorme moet ken. In die volgende taak moet jy wys dat jy sommige sulke taal- en stylmiddele kan identifiseer en weet hoekom dit in leesstukke op sekere maniere voorkom.

Beantwoord dus die volgende vrae oor Leesstuk 1 in die addendum. Vluglees en soeklees van die artikel is nou meer belangrik as studielees.

## 1.1

1.1.1. In par. 3 kom die afkorting, “me.” voor en in par. 11 vind ons “mee.”  
Waarna verwys die twee afkortings onderskeidelik? (1)

1.1.2 Watter vorm van vooroordeel, dink jy, het die maak van hierdie afkortings gemotiveer? Verduidelik jou antwoord. (2)

1.2 In par. 3 kry ons “swart mens”. Dink jy die spelling “swartmens” sou dalk beter hier gewees het? Motiveer jou antwoord kortliks. (2)

1.3 Dink jy die gebruik van die Direkte Rede soos in par. 3, 9, en 13 is 'n goeie stylmiddel om te gebruik in hierdie artikel? Verduidelik. (2)

## 1.4

1.4.1 Waarom, dink jy, word die Lydende Vorm gebruik in die tweede en derde sinne van par. 8? (1)

1.4.2 Skryf nou **een** van hierdie sinne oor in die Bedrywende Vorm. (1)

1.5 Waarom skryf ons “laerskool” sonder 'n deelteken, maar “hoërskool” met 'n deelteken? (2)

1.6 In par. 12 kom die woord “tuiswerk” voor. Hoe sou jy die verskil tussen “tuiswerk “ en “huiswerk” beskryf? (1)

1.7 Watter vooroordele, meen jy, word afgebreek met hierdie artikel in Die Beeld? Dink en vertel. (3)

<b>15 punte</b>
-----------------

**VRAAG 2      Advertensie**

Ons word gebombardeer met advertensies in die media. Soms moet julle self ook advertensies skryf en dan moet julle die kenmerke daarvan ken.

Lees en bekijk nou die advertensie, “Groet die Grotman” in die addendum, (leesstuk 2) en beantwoord die volgende vrae:

- 2.1      Watter stylfiguur word in die opskrif gebruik om dit treffend te maak? (1)
- 2.2      Die woord “Groet” kan hier twee betekenis hê. Hoe interpreteer jy hierdie woord se twee betekenis? (2)
- 2.3      Dink jy die naam van die opvoering in Afrikaans is 'n akkurate weergawe van die Engelse opvoering se naam? Verduidelik hoe jy die verskil verstaan. (2)
- 2.4      Watter ironiese teenstellings sien jy in die illustrasie wat die leser se aandag dadelik vang? (2)
- 2.5      Die opvoering word beskou as “'n suksesvolle komedie oor Mans & Vrouens.” Kan jy uit hierdie advertensie voorspel wie die hardste gaan lag tydens die aanbieding: Mans of Vrouens? Gee jou mening met 'n rede. (2)
- 2.6      Watter woord (wat verkeerd gespel is!) sê vir jou hoeveel akteurs in hierdie toneelstuk speel? (1)

<b>10 punte</b>
-----------------

**VRAAG 3**

Leesstuk 3 bestaan uit 'n klompie foto's wat tydens “Orkesvuurwerke”, aangebied deur die Kaapstadse Simfonie-orke, geneem is. Gebruik hierdie foto's om 'n resensie van die uitvoering vir 'n koerant se musiek- en kunsblad te skryf.

- Jy mag name vir die kunstenaars opmaak.
- Gebruik al die foto's in jou bespreking van die geleentheid.
- Onthou 'n treffende opskrif.
- Inleidingsparagraaf en slotparagraaf is belangrik.
- Moenie vergeet dat 'n resensie ook 'n evaluering gee nie.
- Praktiese besonderhede soos bv. vir jou inleiding, kan jy ook self byvoeg.
- Verder is vorm, styl en taalgebruik natuurlik altyd van die grootste belang.

Skryf ongeveer 150 woorde.

Die kriteria hierbo sal op 'n metingskaal geplaas word om jou resensie te beoordeel.

<b>20 punte</b>
-----------------

**VRAAG 4 Spelplan vir Trots Suid-Afrikaanse week**

- 4.1 Leesstuk 4 in die addendum is 'n gepubliseerde Spelplan om 'n week vol aktiwiteite te beplan vir hierdie belangrike week. Ook die jeug word aangemoedig om deel te neem.

Jou skool beplan 'n kompetisie waaraan die Graad Tiens gaan deelneem. Elke klas of groep moet hierdie plan gebruik om 'n week van aktiwiteite te beplan. Die wenklas/groep sal die plan werklik gebruik om die aktiwiteite by jou skool aan te bied, én sal boonop 'n ekstra week vakansie kry!

Gebruik nou die breinkaart om die plan noukeurig op papier aan die Feeskomitee voor te lê. Jy hoef nie al die idees te gebruik nie, maar dié wat vir jou skool die beste sal werk. Onthou wat die doel van die **week** is en wy ook enkele sinne aan hoe julle reklame gaan hanteer. Die skool en die borge sal natuurlik help met uitgawes.

Onthou om 'n logiese struktuur te hê met 'n inleiding en paragrafe en natuurlik 'n opskrif.

**Skryf ongeveer 250 woorde**

<b>30 punte</b>
-----------------

(Jou skryfstuk sal beoordeel word deur die gebruik van 'n rubriek waarop die kriteria, soos hierbo aangedui is, verskyn: vorm, inhoud, opskrif, kreatiwiteit, reklame en natuurlik taalgebruik, styl en spel is belangrik.)

Laat waai, MAAR MOENIE DIE SLOT SKRYF NIE!!

- 4.2 Hier is die slot!  
Hierdie slot is egter vol taal-, sin-, en spelfoute. Skryf die paragraaf oor en maak die foute reg. Onderstreep elke fout wat jy korrigeer. Let op dat die reëls genommer is en aan die einde van die paragraaf word die foute wat voorkom per reël aangedui:

Die plan soos uiteen gesit sal 'n reusesukses wees. Volwassene en kinders	1
sal dit geniet. Daar sal oorgenoeg om te doen en te eet wees. Meer inligting	2
oor die geleentheid sal beskikbaar wees op die website wat ons gaan skep.	3
Ons plan ook om 'n eg Suid Afrikaanse musiekgroep te betrek.	4
Hul identiteit bly egter 'n geheim tot hul opkoms.	5
Die week is onsin!	6

Foute:

- |   |  |
|---|--|
| 1 | Twee spelfoute, een punktiasiefout, een woordvormfout. |
| 2 | Woordorde-fout.  |
| 3 | Engelse term.  |
| 4 | Woordvormfout en spelfout.                             |
| 5 | Woordkeuse-fout.                                       |
| 6 | Spelfout.  |

(5)

<b>35 punte</b>
-----------------